

‘Meer speel as huiswerk’ vir dié jonges

Carryn-Ann Nel

Johannesburg. – ’n Halfuur se huiswerk is al wat nodig is as jou kind in die grondslagfase is. Die res van die tyd moet speelyd wees.

Kinders tussen gr. R en gr. 3 konsentreer in elk geval nog nie lank nie en moet nog leer speel en dit wat hulle in die klaskamer geleer het spontaan gebruik, sê prof. Elizabeth Henning van die Sentrum vir Onderwyspraktyk aan die Universiteit van Johannesburg (UJ).

Huiswerk is nie ’n straf vir kinders nie en as jou kind sukkel, moet jy weet iets is nie reg nie.

Henning beskryf huiswerk wel as een van die “mees onregverdige” praktyke wat bestaan.

“Daar is ’n ongelyke bedeling. Daar is kinders wat huiswerk onder toesig doen en dan is daar kinders wat huiswerk sonder enige toesig doen. Uiteindelik kry daardie kinders dieselfde

kurrikulum en word oor dieselfde kam geskeer.”

Sy meen huiswerk moet versigtig uitgedeel word en dat kinders hul huiswerk self moet kies. Kinders moet ook nie presies dieselfde huiswerk kry nie omdat hulle nie op dieselfde “vlak” is nie.

“Die ideaal sal wees dat kinders opsies gegee word oor watter huiswerk hulle moet doen. As die kind self kies, sal dit nie soos ’n las of ’n opdrag voel nie. Elke kind sal steeds sy of haar kennis verbreed en ’n vaardigheid inoefen.”

Die doel van huiswerk is om belangstelling te versterk, motivering aan te wakker en om kinders te leer om selfmotivering toe te pas.

Henning se kollega by die UJ, prof. Lara Ragpot, het beaam dat kinders in die grondslagfase genoeg tyd vir huiswerk én speel moet hê.

Te veel werk agter ’n lessenaar vir ’n kind van onder sewe jaar oud is

nie goed nie, het Ragpot gesê.

Die ideale tyd vir huiswerk is ná etenstyd en ’n halfuur ná skool. “Om saans huiswerk te doen is nie ideaal nie. Wanneer ouers huiswerk met hul kinders doen, moet hul aandag geheel en al by die kind wees en nie by die televisie of terwyl hulle kosmaak nie.

“Vir kinders om op hul eie huiswerk te doen, is nie bevorderlik vir hul leervermoë nie omdat hulle moontlik huiswerk verkeerd kan doen en sodoende verkeerde oefeninge, metodes en vaardighede kan aanleer.”

Kinders kan maklik gedemotiveerd raak as hulle te veel huiswerk kry, sê Ragpot.

“Huiswerk moet kinders inspireer en motiveer. Dit moenie misbruik word nie.

“Navorsing wys dat leeraktiwiteite wat meer kreatief is, pret en plesier vir ’n kind bring en hulle dus gemotiveerd hou.”